

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAIN SA OLIESADE	DATUM 2017/12/04		DATUM 2017/12/08		+ - WEEK GELEDE 2017/12/04		+ - MAAND GELEDE 2017/11/13		+ - JAAR GELEDE 2016/12/12		
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	63.34	0.69 ↑	1.1%	62.65	-0.6%	63.74	-0.5%	63.68	13.9%	55.63	
US\$: ? ZAR	13.64	0.01b ↑	0.1%	13.63	-0.9%	13.77	-5.3%	14.40	0.1%	13.63	
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 825.73	7 ↑	0.4%	R 1 819.02	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +12:00 die vorige dag						
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 964.64	-29 ↓	-1.4%	R 1 993.25	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +12:00 die vorige dag						
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 956.71	-61 ↓	-1.2%	R 5 018.18	* CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +12:00 die vorige dag						
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)											
Corn Dec '17	340.00	1.00 ↑	0.3%	339.00	-1%	344.00	-1%	343.00	-13%	389.25	
Wheat Dec '17	392.00	-6.00 ↓	-1.5%	398.00	-5%	414.00	-9%	431.00	-17%	470.25	
Soybean Jan '18	989.00	-13.00 ↓	-1.3%	1002.00	-1%	994.00	1%	977.00	-3%	1023.00	
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))											
SORGHUM Dec '17	2850.00	0 ↑	0.0%	2850.00	8.8%	2620	8.8%	2620	13.6%	3300	
WMAZ SPOT	1900.00	14 ↑	0.7%	1886.00	1.1%	1879	-6.2%	2025	-52.6%	4012	
WMAZ Jul '18	2043.00	9 ↑	0.4%	2034.00	0.0%	2043	-5.9%	2172	-21.4%	2598	
YMAZ SPOT	1992.00	-1 ↓	-0.1%	1993.00	0.2%	1988	-5.9%	2117	-38.7%	3250	
YMAZ Jul '18	2117.00	3 ↑	0.1%	2114.00	-0.5%	2128	-5.5%	2241	-16.0%	2521	
SOY 50 SPOT	4965.00	-5 ↓	-0.1%	4970.00	2.4%	4847	-1.1%	5022	-24.8%	6600	
SOY May '18	5099.00	-7 ↓	-0.1%	5106.00	1.3%	5034	-2.2%	5216	-16.8%	6130	
SUN SPOT	4580.00	45 ↑	1.0%	4535.00	4.1%	4401	-3.5%	4746	-22.4%	5900	
SUN May '18	4677.00	31 ↑	0.7%	4646.00	2.5%	4562	-5.2%	4936	-22.3%	6020	
WHEAT Dec '17	3997.00	-11 ↓	-0.3%	4008.00	-2.0%	4080	-4.7%	4196	2.0%	3920	
WHEAT Mar '18	4109.00	-5 ↓	-0.1%	4114.00	-2.1%	4196	-2.7%	4221	1.9%	4034	
OLIESADE (US\$/ton)	2017/12/08	Bron: Oilworld		2017/12/01	May 2017	June 2015					
Soya-oil, Arg.	762			-2%	774	-1%	769	13%	676		
Soya-pell, Arg.	353			4%	338	4%	339	-4%	368		
Soybean, Brazil	422			0%	420	3%	410	3%	410		
USA Runner 40/50	1250			0%	1250	-22%	1600	-4%	1300		
Sun-oil, Arg.	760			-1%	765	1%	755	-5%	800		
Sun-oil, Black Sea	760			0%	762	1%	750	1%	750		
Sunseed, Black Sea	368			0%	368	-8%	400	-10%	409		
Rapeseed, EU cif	429			-3%	440	1%	425	8%	399		
Palm oil Mal, EU	1360			-3%	1405	-7%	1470	31%	1037		
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE											
<p>Sojabone: Die sojaboon oliekoek pryse in Argentinië het noemenswaardig toegeneem die afgelope 3 weke en verhandel tans teen 'n 9 maande hoogtepunt en het die vorige hoogtepunte wat ongeveer 2 jaar gelede gesien was weer verby gestee. Die oliekoek pryse daar het hoofsaaklik sterker verhandel as gevolg van die bekommernisse in die produksietoestande vir die seisoen en die verwagting dat die produksies vir die seisoen laer behoort te wees. Argentinië is die grootste uitvoerder van sojaboon oliekoek. Die skade aan die produksies in die Suid Amerikaanse lande kan egter nog nie heeltemal akkuraat bepaal word nie omdat dit nog redelik vroeg in die fisiologiese seisoen is van die aangeplante sojabone en die volgende twee tot drie weke gaan baie kritiek wees vir reënval en indien daar goeie reën voorkom kan die produksies steeds nog redelik goed wees alhoewel dit nie meer optimaal sal wees nie. Daar is omtrent 'n geskatte 5 miljoen hektaar in Argentinië wat reeds met korter groeier kultivars aangeplant word wat se opbrengspotensiaal ook laer is as ander kultivars wat algemeen geplant word. Alhoewel daar nou tans baie bekommernisse is rondom die produksie vir die seisoen in Suid Amerika is daar steeds groot sojaboon voorrade beskikbaar in Argentinië en Brasilië as gevolg van die vorige seisoen se rekord produksies daar. Die VSA het ook steeds baie sojaboon voorrade beskikbaar met die 2 agtereenvolgende rekord produksies wat verlede jaar en hierdie jaar daar verkry was. Die skade aan die produksie in Suid Amerika sal egter baie groot moet wees om regtig 'n die internasionale mark in probleem toestande te plaas. Die internasionale sojaboonpryse het die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind as gevolg van die bogenoemde faktore en die produksietoestande in Suid Amerika sal steeds fyn dopgehou word in die volgende paar weke totdat daar meer sekerheid in die produksies is. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week om Vrydag hoër af te sluit as waarteen dit Maandag geopen het.</p> <p>Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblomsaad produksie skatting vir die seisoen is laer aangepas vanaf die vorige skatting en word nou op 48.5 miljoen ton geskat wat ongeveer 1.5 miljoen ton laer is as verlede seisoen se rekord produksie. Die hoof rede vir die laer produksie is as gevolg van die produksies in Rusland wat laer is vir die seisoen. In Rusland is daar nog ongeveer 17% van die oes wat gestroop moet word in vergelyking met die 5% teen dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. Die toestand vir die gedeelte van die produksie wat nog gestroop moet word lyk ook nie te goed nie en daar word ook laer opbrengste verwag. Die gemiddelde opbrengste wat tot dusver in die VSA gerapporteer was is ongeveer 4% laer as verlede seisoen se opbrengste en die verwagting is dat die res van die gedeeltes wat nog gestroop moet word ook laer sal wees. In kontras met die Russiese produksies wat laer is word die produksie in die EU hoër geskat vir die seisoen hoofsaaklik as gevolg van gunstige produksies in Spanje. Die uitvoer vraag na Europese sonneblomsaad is ook laer as wat die verwagtinge in die mark was en dit het druk op die internasionale pryse geplaas. Die pryse in die Swart See streek is ook laer as gevolg van die verwagte laer verwerkings van sonneblomsaad daar. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik sterker verhandel en het hoër gesluit vir die week. Die plaaslike mark was baie volatiel die laaste tyd gewees en het groot prysbewegings getoon in beide rigtings. Die weerstoestand veral in die westelike gedeeltes van die land sal dopgehou word met tydskatting van die reën wat 'n impak sal hê op die hoeveelheid hektare mielies en sonneblomsaad wat geplant sal word.</p> <p>Kanola: Die rekord Kanadese kanola produksie tesame met die hoër as verwagte produksie in Australië het die wêreld voorraad van kanola en raapsaad skerp laat toeneem en dit het die internasionale pryse onder druk geplaas. Die kanola en raapsaad het nuwe invoere na die EU het nuwe hoogtepunte bereik en was op 1.8 miljoen ton gerapporteer tussen Julie en November 2017. Plaaslik: Die plaaslike kanola stroop proses in meestal voltooi met die opbrengste in die Weskaap wat oor 'n wye reeks gerapporteer is in die verskillende streke.</p> <p>Grondbone: Groot grondboontjie voorraad in die internasionale mark het die pryse van grondbone en grondboon produkte onder druk geplaas die afgelope paar maande. Die wêreld grondboonproduksie het in die 2016/17 seisoen met 8% toegeneem en 'n verdere 3% toename word vir die 2017/18 seisoen verwag. Die internasionale uitvoer voorrade van grondbone vir die seisoen word verwag om noemenswaardig toe te neem met die VSA en Indië as die voorste bestemmings. Plaaslik: Plaaslik het die grondboon aanplantings tot dusver goed gevorder en die grondbone wat reeds aangeplant is lyk goed in sommige gedeeltes van die land. Die weer sal egter 'n kritieke punt wees wat dopgehou sal word deur die loop van die seisoen.</p>											
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za											